RANDJIENUUS

13 NOVEMBER 2026


MA-EN-SEUN- EN PA-EN-DOGTER-DANS

'n Nuwe tradisie by Hoërskool Randburg **(ons eerste Ma-en-seun-dans en Pa-en-dogter-dans)**! Dit was 'n spesiale aand waar seuns by hul mammas 'n paar danspassies kon leer en kosbare kwaliteit tyd saam kon deurbring. Daar is iets besonders aan die band tussen 'n pa en sy dogter. Ons Pa-en-dogter-dans is gevul met pragtige oomblikke, breë glimlagte en herinneringe wat nog lank gekoester sal word.

In die jaar waarin die gesin ons fokus was, het hierdie geleentheid ons herinner aan die waarde van saamwees, die skep van herinneringe en die koestering van spesiale oomblikke. Dankie aan elke mamma en seun / elke pa en dogter wat hierdie aand so besonders gemaak het. Mag hierdie herinneringe nog jare lank glimlagte bring en mag hierdie mooi tradisie by Hoërskool Randburg nog baie jare voortleef. Hulle het ongelooflik mooi gelyk en saam het hulle die dansvloer behoorlik aan die brand gedans.









MATRIEKS 2026 - NUUS

Elke jaar ontvang ons Matrieks hul **rooi matriek-T-hemde**, wat hulle aantrek wanneer hulle as ’n groep hul eindeksamen skryf – ’n tradisie wat hulle herinner dat hulle hierdie laaste hoofstuk saam aanpak. Vanjaar se boodskap is kragtig: **Laat die golwe kom. My God loop daarop.**









Dit was ons Matrieks se **laaste saalopening** saam met die skool… en wat ’n spesiale manier om dit af te sluit!

Ons het vir Bea en Luan, graad een leerders van Laerskool Fontainebleau, as spesiale gaste verwelkom.

Met hulle pragtige boodskap en ‘n bietjie ekstra motivering vir die eindeksamen het hulle ons Matrieks aan iets baie belangrik herinner: glo in jouself, gee jou beste en geniet die laaste deel van die reis.

Dit was ‘n ware hoendervleisoomblik toe almal besef dit is hulle **laaste Bloumasjien** in die saal — ’n spesiale oomblik waar hulle teruggekyk het na die vyfjaar-storie wat hulle saam by Hoërskool Randburg geskryf het.





MATRIEKPRYSUITDELING 2026

Op 9 Oktober het ons Matrieks van 2026 tydens hul Matriekprysuitdeling erkenning vir hul prestasies ontvang. Vir hierdie groep Randjies is dit nog 'n mylpaal op hul pad na die einde van hul skoolloopbaan. Binnekort verruil hulle die bekende gange, klaskamers en Bloumasjien vir 'n nuwe hoofstuk. Baie geluk aan elke leerder wat 'n toekenning ontvang het. Mag julle altyd met trots en mooi herinneringe terugkyk na julle Randjie-jare!

Die trofeewenners vir graad 12 was:



- **Beste Vakprestasie (Geografie):** Diedrick Bekker
- **Beste Vakprestasie (Gasvryheidstudies):** Brigitte Robinson
- **Beste Vakprestasie (Ingenieursgrafika en -Ontwerp):** Liam Benade van Niekerk
- **Beste Vakprestasie (Geskiedenis):** Ané le Roux
- **Beste Vakprestasie (Lewensoriëntering):** Charlene-Mari van der Bank
- **Beste Vakprestasie (Rekenaartoepassingstegnologie):** Nicolette Vorster
- **Beste Vakprestasie (Rekeningkunde):** Christiaan de Waal
- **Beste Vakprestasies (Ontwerp en Visuele Kuns):** Leila Janse van Vuuren
- **Beste Vakprestasies (Besigheidstudies en Wiskunde Geletterdheid):** Lia Pretorius
- **Beste Vakprestasies (Toerisme en Dramatiese Kunste):** Tristan Hartman
- **Beste Vakprestasies (Ekonomie, Afrikaans Huistaal en Inligtingstegnologie):** Liam Visser
- **Beste Vakprestasies (*Admaths*, Engels Eerste Addisionele Taal en Lewenswetenskappe):** Anika Moolman
- **Beste Vakprestasies (Engels Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Musiek en Wiskunde):** Ruan Visser
- **Top Ambassadeur:** Erik Breedt
- **100% Skoolbywoning vir 12 jaar:** Jana Novella, Monique du Plessis en Kayla Morrison
- **Klankspan Lid van die jaar:** Jana Hartzenberg
- ***Best Senior Speaker*:** Ané le Roux
- **Musiekstudent van die jaar:** Ruan Visser
- **Beste Buiteskoolse sportprestasie:** Erik Breedt
- **Beste Seuns atleet:** Zuan Schoeman
- **Beste Senior Hokkie dogter:** Daniella Kitching
- **Beste Senior Landloop seun:** Liam Visser
- **Ruitersport:** Mareli Wassermann
- **Beste Senior Netbalspeelster:** Lara Boshoff
- **Beste Senior Skut:** Chantal van der Bank
- **Beste Senior Swem dogter:** Simoné van Aswegen
- **Beste Senior Tafeltennis:** Isabella Nel
- **Senior Tennis seun:** Christiaan Campher
- **Senior Kultuurseun:** Ruan Visser
- **Senior sportdogter van die jaar:** Chantal van der Bank
- **Senior sportseun van die jaar:** Erik Breedt
- **Matrikulant van die jaar:** Erik Breedt
- ***Dux*-leerder van die jaar:** Ruan Visser **(95%)**

Baie geluk aan elke matrikulant wat hierdie jaar uitmuntend Presteer het, ons is baie trots!

Ereskild

- **Baanfietsry** – Erik Breedt
- **Atletiek** – Zuan Schoeman
- **Skiet** – Chantal van der Bank













TROFEEWENNERS 2026































Na die prysuitdeling het die Matrieks van 2026 aan die tradisionele klokseremonie deelgeneem, terwyl die skool vir hulle erewag gestaan het. ’n Spesiale oomblik wat die einde van ’n hoofstuk nader bring en die begin van ’n nuwe een aankondig. Met elke klokslag kom hulle ’n tree nader aan die einde van hul skoolloopbaan, maar die herinneringe en bande wat hier gevorm is, sal altyd deel van hulle bly. Aan ons Matrieks, dankie vir die diep spore wat julle by Hoërskool Randburg getrap het. Julle het deel geword van ons skool se storie en laat elkeen op julle eie manier ’n merkbare nalatenskap agter.



MATRIEKAFSKEID 2026

SPROKIE VIR 'N STADSKIND…

Dit was 'n aand om te onthou! Ons Matriekafskeid (19 September) was by ons einste skool waar hierdie groep vyf jaar gelede hul hoërskoolreis begin het. Die matriekafskeid was soos 'n ware sprokie vir n stadskind – 'n aand vol glans, magie en onvergeetlike oomblikke. Van die pragtige dekor tot die elegante uitrustings en heerlike musiek was dit 'n betowerende aand wat hulle vir altyd sal koester. Hoe besonders om dit alles hier te kon afsluit — 'n volsirkel-oomblik. Ons Matrieks het ongelooflik pragtig gelyk en dit was vir ons 'n voorreg om die afgelope vyf jaar saam met hulle te kon beleef en saam met hulle te vier.





















































AKADEMIE




#	Name and Surname	School	Percentage
1	Ellenize Mans	Randburg H/S	73,8%
2	Yolande du Toit	Durbanville H/S	71,0%
3	Susan Lombard	Drostdy HTS	70,0%
4	Este du Plessis	Paul Roos Gimnasium	62,3%
5	Marinda Viljoen	Eduplex School	58,0%

ADMATHS WISKUNDE

Baie geluk aan **Juffrou Ellenize Mans** en haar ***AdMaths*-klas** wat nasionale erkenning ontvang het!

Die graad 12-*AdMaths*-klas het met 'n uitstekende gemiddelde prestasie van 73,8% die eerste plek in Suid-Afrika in *AdMaths* se *University Maths* top vyf klasse vir kwartaal 3 van 2026 behaal. Ons is ongelooflik trots op Juffrou Ellenize en haar leerders wat Hoërskool Randburg se naam op nasionale vlak hoog hou!

Baie geluk met hierdie uitsonderlike prestasie. Julle maak ons trots!



KULTUUR

DANS

Amelia het onlangs aan die *Legacy Dance* kompetisie deelgeneem waar sy vier eerste plekke (*Ultimate Gold*) en een tweede plek behaal het.

Sy het ook aan die *Pulse* danskompetisie deelgeneem waar sy een eerste plek, twee, tweede plekke en een vierde plek behaal het.



AMELIA KRUGER
GRAAD 10

EISTEDDFOD

Lische neem aan die *NEA* in die visuele kuns-afdeling deel. Sy ontvang 'n diploma en 'n silwer sertifikaat vir haar *printmaking* en selfportret.



LISCHE POTGIETER
GRAAD 10



Daniël neem aan die *NEA* deel. Hier verwerf hy diplomas vir sy Afrikaanse poësie as deel van 'n ensemble en vir sy Engelse liriese gedig.



DANIËL JOUBERT
GRAAD 8

A CAPPELLA



'n **Goue afsluiting** vir ons *Sterrenade*! So kom alle goeie dinge tot 'n einde. Op Saterdag, 10 Oktober 2026 het ons *Sterrenade* hul *A cappella*-seisoen by die AfriForum Teater in Pretoria afgesluit. Sterrenade het 'n groot indruk op die beoordelaars gemaak en met die **toekenning** vir **Beste Afrikaanse Verwerking van die Aand** weggestap – 'n wonderlike prestasie om die seisoen mee af te sluit! Ons is ongelooflik trots op elke koorlid vir hul harde werk, toewyding en passie deur die jaar. 2026 was 'n besondere jaar, maar ons sien met groot opgewondenheid uit na alles wat 2027 vir Sterrenade inhou. Dankie vir julle harde werk, Randjies. Julle laat ons harte sing!



KOOR

Ons **koor** is na die Jan Celliers Eisteddfod-prysuitdeling genooi, waar ons 'n wonderlike aand vol pragtige musiek kon beleef. Die aand het nóg 'n besondere hoogtepunt opgelewer toe ons koor as die **wenners van die Hoërskoolkoor-afdeling aangewys is**! Ons is ongelooflik trots op elke koorlid en op die harde werk, toewyding en talent wat tot hierdie fantastiese prestasie gelei het. Knap gedaan, Randjies! Julle laat ons harte swel van trots en bewys opnuut dat musiek 'n spesiale plek in ons skoolgemeenskap het.





SPORT

NETBAL

Ons is baie trots op **sewe van ons Randjie-netbaldogters en -seuns** wat tans deel van die Northgate *Falcons* o. 21 *Mixed* span vorm wat in die o. 23 *Super League*-kategorie deelneem. In hierdie liga neem die spelers aan beide die 6's- en 7's-netbalformate deel. Baie geluk aan ons Randjies:

- ★ **Jacey van Tonder**
- ★ **Ferdi Lubbe**
- ★ **Leigh-Mari van Tonder**
- ★ **Heidi Ferreira**
- ★ **Charlene Brink**
- ★ **Hailey Ferreira**
- ★ **Kliani Viljoen**



ACTION NETBALL

Baie geluk aan **Zoë Pelzer (gr. 10)** wat aan die o. 16 Superliga Aksienetbaltoernooi as deel van die Hillfox Aksie Arena-span deelgeneem het. Haar span het uitstekend gevaar en goud in hul kategorie verower!

Zoë is boonop in hul indrukwekkende oorwinning van 40–26 teen Northgate *Action Sports* se o. 16-span as die **Speler van die Wedstryd** aangewys. **Ons is baie trots op jou, Zoë!**



Randjie-netbaldogters skitter by die Tshwane *Premier League*. **Imcke Nel en Anya van Aswegen** (albei o. 16) het deel van die o. 16 *Cavalier Cats*-span gevorm wat die finaal **gewen** en 'n **goue medalje verower** het. 'n Spesiale gelukwensing aan **Imcke Nel**, wat ook as die toernooi se *MVP (Most Valuable Player)* aangewys is! **'n Merkwaardige individuele prestasie!**



Eldenè Viljoen (o. 16) het haar talent en vaardighede ten toon gestel as deel van die o. 18 *Cavalier Cats*-span, wat ook die **finaal gewen** en **goud verower** het. Om op o. 16-vlak deel van 'n o. 18-span te wees wat só presteer, is beslis iets om op trots te wees!



TRIUMPH-NETBALTOERNOOI

Cornwall Hill College bied jaarliks die *Triumph*-netbaltoernooi ter bewusmaking van kanker aan. Die toernooi dien ook as waardevolle voorbereiding en proewe vir die volgende jaar se netbalseisoen. Hoërskool Randburg het vanjaar ons huidige o. 15-span en die 2027 Eerste span-oefengroep ingeskryf.



o. 15-span se uitslae

Tydens die groepwedstryde het ons Randjies die volgende uitslae behaal:

- **Wen** teen EG Jansen: 26–16
- Verloor teen Cornwall Hill College 2: 15–32
- **Wen** teen Midstream: 20–11
- Verloor teen Marais Viljoen: 23–24
- Verloor teen Dinamika: 19–30
- **Wen** teen Jeugland: 27–7

Die span het vierde in hul groep geëindig en daarna teen Cornwall Hill College 1 om die sewende en agtste posisie gespeel. Hulle het dié wedstryd met 18–8 **gewen** en sodoende 'n sewende plek in die toernooi behaal.

O.15-SPAN













Baie geluk aan ons o. 15-Randjies!

2027 Eerste span-oefengroep behaal 'n **puik derde plek** by die *Triumph*-netbaltoernooi! Ons 2027 Eerste span-oefengroep het uitstekend gevaar tydens die *Triumph*-netbaltoernooi by Cornwall Hill College. Die Randjies het al ses hul groepwedstryde gewen en met indrukwekkende netbal eerste in hul groep geëindig.

Groepwedstryde:



- **Wen** teen EG Jansen: 37–20
- **Wen** teen HTS Middelburg: 40–16
- **Wen** teen Oosterlig: 36–15
- **Wen** teen Oos-Moot: 40–29
- **Wen** teen Meetse A Bophelo: 48–16
- **Wen** teen Midstream: 35–16



In die halfeindronde het hulle 'n besonder strawwe wedstryd teen Rustenburg gespeel en ongelukkig met slegs een doel, 27–28, verloor. Die span het egter sterk teruggekom en Dinamika met 36–29 in die wedstryd om die derde en vierde plek geklop. Hulle sluit die toernooi dus met 'n uitstekende **derde plek** af! 'n Verdere hoogtepunt was toe **Imcke Nel** as Senior Speler van die Toernooi aangewys is. Baie geluk met hierdie besondere individuele prestasie! Ons is ongelooflik trots op elkeen van hierdie dogters en kan nie wag om te sien wat die 2027-netbalseisoen vir hulle inhou nie. Randjies, julle maak ons trots!



ATLETIEK

Hoërskool Randburg se atlete het uitstekend by die **NWU Wildeklawer Top 30** atletiekbyeenkoms in Sasolburg presteer, waar 66 skole deelgeneem het. Ons Randjies het hul staal met puik individuele prestasies en 'n **algehele 15de plek** vir die skool in die A-afdeling gewys.

Verskeie atlete het daarin geslaag om 750 punte en hoër in hul onderskeie items te behaal:

- **Nardus Breedt:** 1 500 m – 757 punte; 3 000 m – 776 punte
- **Gustaf de Lange:** Hoogspring – 880 punte
- **Edgar van der Spoel:** 1 500 m – 794 punte
- **Cairol Mabhude:** 110 m-hekkies – 904 punte; 400 m-hekkies – 788 punte
- **Clarabelle Hall:** Spiesgooi – 788 punte
- **Dianay Roestoff:** Gewigstoot – 780 punte
- **Carolien van Zyl:** Gewigstoot – 833 punte
- **Megan Kleynhans:** 3 000 m – 813 punte; 800 m – 765 punte
- **Meagan Teague:** Diskus – 810 punte
- **Pieter Steyn:** Diskus – 794 punte; Gewigstoot – 785 punte
- **Machnus van der Merwe:** 110 m-hekkies – 775 punte
- **Marno White:** Diskus – 836 punte
- **Leah Daniels:** 200 m – 798 punte; 400 m – 751 punte
- **Lianke Kotze:** 300 m-hekkies – 793 punte; 800 m – 770 punte
- **Annebelle Schutte:** 100 m – 822 punte
- **Catherine Anderson-Kriel**: 300 m-hekkies – 795 punte
- **Danalee Nothnagel:** 100 m – 772 punte
- **Isabelle van Niekerk:** 100 m – 751 punte













RANDJIES SE SPANPRESTASIES: Met 66 skole wat aan die byeenkoms deelgeneem het, het Hoërskool Randburg die volgende plekke behaal:

SEUNS: 19DE **DOGTERS: 19DE** **ALGEHEEL: 15DE**

BIATHLE, TRIATHLE EN *LASER RUN*

Megan Kleynhans (gr. 10) – Drievoudige o. 17-wêreldkampioen. Drie individuele wêreldtitels. Drie goue spanmedaljes. Ses keer goud. Wat 'n ongelooflike prestasie!

Megan Kleynhans het Suid-Afrika se naam hoog gehou tydens die UIPM *Biathle, Triathle en Laser Run* Wêreldkampioenskappe, wat van 26 tot 31 Oktober 2026 in Funchal, Madeira, Portugal, plaasgevind het. Megan het geskiedenis gemaak deur as o. 17-wêreldkampioen in al drie haar individuele items gekroon te word! Boonop het sy saam met haar Suid-Afrikaanse spanmaats nog **drie goue spanmedaljes verower**. Die drie dissiplines toets atlete se uithouvermoë, spoed, swemvermoë, akkuraatheid en geestelike taaiheid tot die uiterste. Om in al drie as wêreldkampioen gekroon te word, is 'n uitsonderlike bewys van Megan se talent, harde werk, dissipline en deursettingsvermoë. Agter hierdie ongelooflike prestasie lê ure se oefening, opoffering, vasberadenheid en die wil om telkens nuwe hoogtes te bereik. **Drie wêreldtitels. Ses goue medaljes. Een uitsonderlike Randjie!** Baie geluk, Megan! Hoërskool Randburg is ongelooflik trots op jou. Jy het ons skool en land se naam met groot trots internasionaal laat weerklink. Mag dit die begin van nog vele suksesverhale wees!





SWEM

Carli Coetzee (gr. 10) skitter by die *aQuellé Midmar Mile Seeding Swim*. Carli Coetzee het op 18 Oktober aan die *aQuellé Midmar Mile Seeding Swim by Munyaka Lifestyle Estate* deelgeneem waar sy die 1,5 km-resies aangedurf het. Sy het uitstekend gevaar en **algeheel 31ste uit 154 meisies** geëindig. In die ouderdomskategorie vir meisies 14 tot 30 jaar het sy **'n puik 23ste plek uit 63** deelnemers behaal. Baie geluk, Carli! Ons is baie trots op jou en jou besonderse prestasie.



HOKKIE

Ons **hokkiekinders** hou hulle besig gedurende die afseisoen! Ons spelers is steeds aktief en besig om hul vaardighede te ontwikkel deur aan JHL, JHL Divisie 1, HJ en *Fives* deel te neem. Dit is wonderlik om te sien hoe ons spelers verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling neem en aanhou om aan hul spel te werk, selfs buite ons normale hokkieprogram. 'n Groot dankie aan almal wat hierdie geleenthede moontlik maak en ons spelers help om gedurende die afseisoen te bly groei. Ons is ongelooflik trots op elke speler! Hier is net 'n paar kiekies van ons spelers in aksie.



OLD BOYS & OLD GIRLS HOKKIE



Ons Randjies se Eerste spanne het op 24 Oktober die veld betree om kragte met die *Old Boys* en *Old Girls* te meet. Ons **Eerste span-dogters** het met ’n puik 1–0-oorwinning weggestap, terwyl ons **Eerste span-seuns** behoorlik met ’n oortuigende 4–0-oorwinning beïndruk het.

Dit is altyd besonders wanneer oud-leerders terugkeer na hul alma mater om weer deel van die skool se tradisies te wees.

Hierdie wedstryde gaan oor meer as net die uitslae – dit is ’n viering van die gemeenskap, die kameraadskap en die besondere band wat Randjies oor generasies heen verbind.

Dankie aan ons *Old Boys* en *Old Girls* wat Saterdag deel van die dag was en gehelp het om die Randjie-gees lewendig te hou.



INDOOR ACTION CRICKET

Randjies skitter op die internasionale binnenshuise krieketbaan! Ons is ongelooflik trots op **Stefanie Viviers, Alyssa Edwards en Liam Harmse** wat van 26 September tot 3 Oktober aan die *Junior World Series: Action Cricket* deelgeneem het en Suid-Afrika op internasionale vlak verteenwoordig het. **Stefanie Viviers (gr. 9)** het deel van die Suid-Afrikaanse o. 15A-dogterspan gevorm wat teen Engeland, Australië, Nieu-Seeland en ’n ander Suid-Afrikaanse o. 15-span kragte gemeet het. Wedstryde is teen die onderskeie o. 15- en o. 17-spanne gespeel. Die span het daarin geslaag om wedstryde teen Engeland se o. 15-span en Nieu-Seeland se o. 15-span te wen. Stefanie het veral uitgeblink en is tydens die wedstryd teen Engeland ná ’n uitstekende boulbeurt van 2/3 as **Speler van die Wedstryd aangewys**.





Alyssa Edwards (gr. 10) het Suid-Afrika met trots as lid van die SA o. 17-meisiespan verteenwoordig. Die span het deurgaans sterk vertonings teen internasionale teenstanders gelewer en hul vaardigheid, dissipline en spangees ten toon gestel. Ná 'n mededingende toernooi het hulle algeheel **'n welverdiende derde plek behaal.** Alyssa se deelname aan hierdie internasionale toernooi getuig van haar toewyding, harde werk en passie vir krieket.





Liam Harmse (gr. 8) het ook aan die *Junior World Series* deelgeneem, waar sy span teen Australië, Nieu-Seeland, Engeland en die *SA Invitational* span gespeel het. Dit was 'n intensiewe en waardevolle week waarin die span met vasbyt, spanwerk en trots presteer het. Ná 'n sterk toernooi het Liam en sy span die eindstryd gehaal en **met 'n silwer medalje weggestap**.

KRIEKET

Ons Randjies het op 15 Oktober, tydens die *Johnny Waite*-kompetisie teen Trinity Randpark uitstekend gevaar en al drie wedstryde gewen! o. 14A Randburg: 205/3 Trinity Randpark: 68 almal uit.

Hoogtepunte:

Shaun Toyhy – 72 lopies
Ben Aucamp – 43 lopies
Julian Hildebrand – vyf paaltjies vir 13 lopies
Randburg wen met 137 lopies!

o. 15A Randburg: 248/2 Trinity Randpark: 109/5

Hoogtepunte:

Bion Meyer – 86 nie uit nie
Andrew Holmes – 55 nie uit nie
MJ van der Merwe – 50 lopies
Tinus Otto – 44 lopies
Randburg wen met 139 lopies!

Eerste span Randburg: 132/8 Trinity Randpark: 120/8
Randburg wen met 13 lopies!



Baie geluk aan al drie spanne en hul afrigters met hierdie puik vertonings. Julle maak ons trots!





Krieketuitblinker van die week!

Bion Meyer het met ’n uitstekende kolfbeurt teen Steyn City geskitter deur ’n indrukwekkende 118 lopies aan te teken! Baie geluk, Bion!





SKAAK

Op Saterdag, 31 Oktober het twee van ons Randjie skaakspelers aan die provinsiale rondte van die Gauteng Individuele Skaakkampioenskappe deelgeneem.

Andrei Pretorius (gr. 11) het aan die o. 17-dogtersafdeling deelgeneem en **Junior Nkoane (gr. 9)** aan die o. 15-seunsafdeling. Dit was 'n lang dag met strawwe kompetisie, maar ons skaakspelers het baie goed gevaar. Andrei het **drie uit die vyf wedstryde gewen** en Junior het **twee uit die vyf gewen**. Welgedaan! Baie dankie dat julle jul tyd vir die skool opoffer – julle hou ons skool se naam hoog en ons is trots op julle.





KLEREBANK

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorraine Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)

Kaartbetalings alleenlik na 14:00



RANDJIE GEBEDSWAG

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



CSV
Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!



PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



<u>Algemene reëls vir parkering:</u>

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

ADVERTENSIES

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.









ONS HET JOU KINDERBOEKE NODIG!



vir die Vriende van Linden Biblioteek se volgende boekverkoping!

Skenkings van ander gewilde boeke in goeie toestand is ook welkom.

Skenkings kan afgegee word by die

LINDEN OPENBARE BIBLIOTEEK

Die biblioteek is soos gewoonlik op weeksdae oop, en ook van 09:00 tot 14:00 op Saterdae en Sondae tot en met 22 November 2026.



Recent incidents involving attacks on women have once again highlighted the importance of remaining aware of our surroundings when spending time outdoors. This should not discourage people from staying active, but it is a reminder that a few simple precautions can help make outdoor exercise safer.

Safety tips for training outdoors

Chose safe routes
Stick to familiar, busy areas with good visibility and security presence.

Train with a partner
Exercise with a friend or join a running/walking group where possible.

Stay alert
Keep your phone away and music at a low volume so you can stay aware of your surroundings.

Tell someone your plans
Let a friend or family member know where you're going and when you expect to be back. Share your live location if needed.

Keep your phone accessible
Carry a fully charged phone for emergencies, but avoid displaying it unnecessarily.

Add an extra layer of protection
Fidelity SecureMe and SecureMe Plus provide access to emergency assistance when you need it. Giving you added peace of mind while you're out and about.

Change up your routine
Vary your route and training times occasionally to avoid becoming predictable.

Train in daylight
Where possible, exercise while the sun is up and avoid isolated areas after dark.

FIDELITY ADT

EMERGENCIES: 086 12 12 401

adt.co.za | 086 12 12 400






World Seido Karate Organisation
South Africa
COME AND TRY YOUR FREE CLASS
2ND FLOOR - WEST PACK BUILDING
161 BEYERS NAUDE DRIVE - NORTHCLIFF
Children classes:
Monday: 18.00-19.00
Tuesday: 15.30-16.30 & 18.00-19-00
Thursday: 15.30-16.30 & 18.00-19-00
Saturday: 10.00-11.00
Adults classes:
Monday: 19.00-20.00
Tuesday: 19.00-20.00
Wednesday: 18.00-19.00 (kumite)
Thursday: 19.00-20.00
For more information, call Sei Shihan George Wong (6th Dan): 083 601 8328 or email: seido.johannesburg@gmail.com.
GET 10% DISCOUNT ON THE FIRST MONTH ON PRESENTATION OF THIS FLYER


ADS


coolideas
YOUR FIBRE GUY


KREATIVO STUDIO: CREATIVE BRANDING SOLUTIONS
KREATIVO
kreativo studio
SCHOOL BRANDING SPECIALISTS
Personalised Subject & Pencil Bags
School Labels
Custom Medals, Badges, Trophies & Awards
School & Sports Apparel & Klt
Classroom & Teaching Aids
Lunch Coolers, Backpacks & Sports Bags
CORPORATE & CUSTOM BRANDING
Corporate Branding
Promotional Gifts
Designing & Printing
Laser Cutting & Engraving
Custom Made Corporate Gifts
SCAN FOR DIGITAL BUSINESS CARD
DESIGN & BRANDING SOLUTIONS FOR SCHOOLS
INNOVATIVE SOLUTIONS FOR BUSINESSES & EVENTS
orders@kreativo.co.za
0638420183
DESIGNING, PRINTING, LASER CUTTING & SO MUCH MORE!

LA COURONNE DENTAL CARE


Is **verstandtande, draadjies** of **Invisalign** in jou toekoms?



Ons bied:

- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater
- **Draadjies** vir reguit tande
- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande







Bel ons vandag om jou afspraak te maak:

011 792 2555

Whatsapp: 079 412 9156
168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg
info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

NOVEMBER 2026

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
						1
2	3	4	5	6	7	8
			Gr 7 Ouer Inligtingsaand		Seunskrieket vs St. Benedicts Skiet jaareindfunksie in Atrium	
9	10	11	12	13	14	15
				Netbalafsluiting 17:00 Atrium		
16	17	18	19	20	21	22
					Kunsuitstalling – Blouster	
23	24	25	26	27	28	29
					Kunsuitstalling – Blouster Laudem Dei AGM & Jaareindfunksie – Klubhuis 10:00	
30						
Koorkamp – Hartbeesfontein Voortrekkerplaas						